

20 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:1-26
Fokusgedeelte: Galasiërs 5:13

Vry om liefde te betoon

Elke gelowige is tot vryheid geroep. Hierdie handeling dui op die destydse plegtigheid toe 'n slaaf losgekoop is. Jesus Christus het met sy kosbare bloed elke gelowige uit die slawerny van die wet en van sy sondige natuur losgekoop. Dit het radikale selfverloëning en liefde van Hom geveerg.

Omdat 'n gelowige losgekoop is, durf hy nie meer leef asof hy nog aan sy sondige natuur verlaat is nie. Op 'n slinkse manier probeer die duiwel 'n mens egter verlei om sy vryheid te misbruik. Die ironie is dat 'n mens op hierdie manier weer aan die slawerny van die sonde toegee.

Volgens die Bybel kan 'n mens se sondige natuur met een woord beskryf word, naamlik "selfsug". 'n Gelowige is vrygekoop van die slawerny van selfsug. Wanneer ons vry is van die drang om onself te laat geld, kom daar ruimte vir liefde. As gevolg van hierdie bevryding kan gelowiges mekaar in liefde dien.

Hierdie liefdesdiens is geen slawerny nie, maar 'n vrug van die bevryding. Wanneer 'n mens aan sy sondige natuur verlaat is, doen hy liefdelose dinge. Hierteen waarsku Paulus in vers 19-21: "... onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns ...". Maar wanneer hy van hierdie sondige natuur bevry is, bewerk die Heilige Gees in hom die vrug van vers 22-23: "... liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid ...".

Liefde is geloof wat onder leiding van die Heilige Gees tot daad oorgaan (vs 6). Die volle diepte van hierdie liefde blyk uit Jesus Christus se daad van selfopoffering waardeur Hy ons verlos het. Daarom kom Hy weer elke verlore haal om vir ewig in liefde by Hom te leef.

Sing: Skrifberyming 21:1-3

Prof. FP Viljoen (Teologiese Skool)